# TER INLEIDING VAN DIE GEMSER-NOMMER

Die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies dra hierdie nommer op aan Prof. Dr. B. Gemser, ter geleentheid van sy aftrede as hoogleraar in die Outestamentiese wetenskap aan die Ryksuniversiteit van Groningen. Ons wil daarmee 'n sigbare bewys lewer dat Gemser in die land, waar hy drie dekades sy beste kragte aan die ontwikkeling van die Outestamentiese wetenskap en Semitiese taalstudie gegee het, nie vergeet is nie.

En hoe sou dit ook anders kon wees? Die spore wat hy nagelaat het in Suid-Afrika, is te diep om nou reeds onder die stof van die tyd begrawe te wees. Ons merk sy invloed op aan die universiteite van Suid-Afrika, waar verskillende van sy leerlinge akademiese posisies beklee. Insonderheid dink ons aan die leerstoele vir Outestamentiese wetenskap te Pretoria en Potchefstroom, en dié vir Semitiese tale te Stellenbosch, wat beklee word deur manne wat gedurende baie jare sy leerlinge was. Die professore E. S. Mulder, S. J. du Toit en P. F. D. Weiss is trots daarop dat hulle hom as leermeester gehad het, en hulle set, elkeen op sy eie manier, hulle onderwys voort in die gees wat Gemser hulle meegedeel het. Daarlangs is daar ook heelwat ander akademiese leerkragte, sowel in die fakulteite vir teologie as dié van lettere, wat dankbaar sy invloed ondergaan het en daarvan blyke gee. Ook die beoefenaars van Nutestamentiese wetenskap, godsdiensgeskiedenis, dogmatiek en etiek het 'n grondige studie van, en eerbiedige liefde vir die Outestament nodig om hul akademiese taak te kan volbring, en met diepe erkentelikheid wil hulle ook getuig van die kosbare skatte wat hulle deur Gemser's bemiddeling uit die Woord ontvang het.

Toe enkele jare gelede die Outestamentiese werkgemeenskap in Afrika opgerig is, het al die lede dit diep betreur dat Gemser weens sy aanvaarding, na sy emeritaat in Afrika, van die leerstoel in Groningen nie in ons midde kon wees nie. Om sy kennis en ervaring, sy beginselvolle optrede en milde takt sou niemand beter as hy die jonge organisasie by sy eerste stappe kon lei het. Die aanwesige leiding het sy teenwoordigheid diep gemis en het daarvoor 'n altans simboliese vergoeding gesoek deur hom met algemene stemme tot die eerste, en tot nou toe enigste, erelid van die gemeenskap te benoem.

Maar ook in die Hervormde Kerk van Afrika, sowel binne as buite die landsgrense van die Unie, word orals die invloed van Gemser opgemerk. Hy het sy stempel op 'n hele generasie van predikante geset. Dit is 'n duidelik herkenbare stempel; dit vertoon die lyne van toegewyde,

aandagtige eerbied vir die Woord van God soos in die heilige boeke van die Ou Verbond neergelê; van wetenskaplike verantwoordelikheid teenoor taalkunde en geskiedenis; van nugtere en daarom diepe vroomheid. Deur die prediking van sy voormalige studente word iets van dit alles ook oorgedra op die gemeente, en so dring sy invloed deur tot in die huise en die binnekamers.

Daarom is dit geen oordrywing om te sê dat Gemser die teologie en geloofslewe van 'n hele subkontinent beïnvloed het. Hy het dit gedoen deur sy wetenskap en deur sy geloof, en dit strek 'n hele volk tot heil. Want in al sy werk het hy een lyn gevolg: hy het deur sy optrede op die akademiese leerstoel, op die kansel en in kerklike vergaderinge ons altyd weer op die Woord as die kompas vir al ons handelinge gewys. Ons vergeet nie lig nie hoe hy by sy afskeid van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika afgesluit het met die Aäronitiese seën, en ons het gevoel dat dit inderdaad en in die volle sin van die woord 'n priesterlike seën vir ons almal was. As 'n seën bly sy teenwoordigheid in ons midde in ons gedagtenis. Dit is 'n seën uit die Heilige Woord en met die Heilige Woord. Groter diens kan niemand aan die Kerk bewys nie.

Ons is dankbaar dat God dit aan Gemser vergun het om, sy het onder menige liggaamlike beproewing, sy tyd eers in Afrika, en daarna as 'n donum superadditum ook nog in Nederland, uit te dien. Hy het aan die arbeid gebly. Die laaste jare is ons telkens weer verras deur uitmuntende publikasies, sowel in Nederlandse as in internasionale periodieke, op sy studiegebied, insonderheid, natuurlik wat die ou-Israelitiese en ou-oosterse wysheid betref. Hy is vir ons die verpersoonliking van daardie wysheid self: veelsydig, prakties, vol werklikheidsin, mild en vroom. Dit is 'n heerlike gedagte dat daar geen einde is aan die studie van die Woord van God nie. Daarom is ons ook daarvan seker dat professor emeritus Gemser student sal bly en dat ons van tyd tot tyd nog verbly sal word met die vrugte van sy rype ouderdom. Sy leermeester, Prof. De Liagre Böhl, van wie ons tot ons vreugde in hierdie selfde nommer 'n bydrae mag publiseer, is daarin 'n stralende voorbeeld. 'n Paar Psalmwoorde kom in ons gedagtes: „o God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe verkondig ek u wonders. En ook tot die ouderdom en die grysheid toe—o God, verlaat my nie, totdat ek aan die volgende geslag u arm verkondig, aan almal wat sal kom, u mag." En ook, as 'n antwoord op hierdie bede: „Geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die Here reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie."

A. van Selms.